# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE
# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY | UITGAWE OP GESAG

R0,30 | Monday 12 June 1989 | WINDHOEK | Maandag 12 Junie 1989 | No. 5730

CONTENTS:

Page

**AG. PROCLAMATION**

No. AG. 16 Repeal of the Laws on the National Assembly, the Cabinet and the Constitutional Council Proclamation, 1989 . . 1

INHOUD:

Bladsy

**AG. PROKLAMASIE**

No. AG. 16 Proklamasie op die Herroeping van die Wette op die Nasionale Vergadering, die Kabinet en die Konstitusionele Raad, 1989. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 1

# PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 6 June 1989)*

No. AG. 16 1989

REPEAL OF PROCLAMATION R.101 OF 1985 OF THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA AND ACT NO. 8 OF 1985 OF THE NATIONAL ASSEMBLY

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

L.A. PIENAAR

Administrator-General

Windhoek, 6 June 1989

# PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 6 Junie 1989)*

No. AG. 16 1989

HERROEPING VAN PROKLAMASIE R.101 VAN 1985 VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN WET NO. 8 VAN 1985 VAN DIE NASIONALE VERGADERING

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

L.A. PIENAAR

Administrateur-generaal

Windhoek, 6 Junie 1989

SCHEDULE

*Repeal and amendment of laws*

1. (1) Subject to the provisions of subsections (2) and (3), the laws specified in the Annexure are hereby repealed or amended to the extent specified in the third column of that Annexure.

(2) Subject to the provisions of section 2 any law of the National Assembly specified in section 2 of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R. 101 of 1985), which immediately before the commencement of this Proclamation was in force in the territory of South West Africa and which is not repealed by subsection (1) shall continue to be in force in so far as it was so in force until repealed or amended by a competent authority.

(3) Anything done before the commencement of this Proclamation by the Cabinet specified in section 23 of the said South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985, or any of its members by virtue of the provisions of that Proclamation or any other law shall be deemed to have been done by the Administrator-General.

*Transfer of certain powers, duties, functions, rights and obligations to the Administrator-General*

2. As from the commencement of this Proclamation all the powers, duties and functions which -

(a) vested in the Cabinet specified in section 23 of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R. 101 of 1985), by virtue of the provisions of that Proclamation on the date immediately before the commencement of this Proclamation;

BYLAE

*Herroeping en wysiging van wette*

1. (1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) word die wette vermeld in die Aanhangsel hierby herroep of gewysig in die mate in die derde kolom van daardie Aanhangsel vermeld.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 2 bly 'n wet van die Nasionale Vergadering vermeld in artikel 2 van die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), wat op die datum onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie in die gebied Suidwes-Afrika gegeld het en wat nie by subartikel (1) herroep word nie, van krag vir sover dit aldus gegeld het totdat dit deur 'n bevoegde gesag herroep of gewysig word.

(3) Enigiets wat voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie uit hoofde van die bepalings van genoemde Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uivoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985, of 'n ander wet deur die Kabinet vermeld in artikel 23 van daardie Proklamasie of die een of ander lid daarvan gedoen is, word geag deur die Administrateur-generaal gedoen te gewees het.

*Oordrag van sekere bevoeghede, pligte, werksaamhede, regte en verpligtinge aan die Administrateur-generaal.*

2. Vanaf die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie berus al die bevoegdhede, pligte en werksaamhede wat -

(a) uit hoofde van die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), op die datum onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie by die Kabinet vermeld in artikel 23 van daardie Proklamasie berus het;

(b) have been conferred upon or assigned to that Cabinet or any of its members under any other law and which vested in that Cabinet or member on that date,

shall vest, together with the rights and obligations connected therewith, in the Administrator-General.

*Claims against State in respect of the territory of South West Africa*

3. (1) Any claim which arising out of any contract lawfully entered into by or on behalf of the Administrator-General, or out of any delict commited by a servant in the government service mentioned in section 2 of the Government Service Act, 1980 (Act No. 2 of 1980), acting in his capacity of and within the scope of his authority as, such a servant, and which would, if that claim had arisen against a person, be a ground of an action in a competent court, shall be cognizable by such court.

(2)(a) In any action or other proceedings instituted by virtue of the provisions of subsection (1) the Administrator-General may be cited as nominal defendant or respondent.

(b) When the Administrator-General is cited in any action or other proceedings as contemplated in paragraph (a) he shall be cited by his official capacity and not by name.

(3) No execution, attachment or like process shall in any such action or proceedings be issued against the nominal defendant or respondent or against any property of which the ownership vests in the Government of the territory of South West Africa, but the amount (if any) which may be required to satisfy any judgment or order given or made against the nominal defendant or respondent in any such action or proceedings may be paid out of the Central Revenue Fund.

*Pending judicial proceedings*

4. In any legal proceedings instituted by or against the Cabinet specified in section 23 of the

(b) kragtens 'n ander wet aan daardie Kabinet of 'n lid daarvan verleen of opgedra is en wat op daardie datum by daardie Kabinet of lid berus het,

tesame met die regte en verpligtinge wat daarmee in verband staan, by die Administrateur-generaal.

*Eise teen Staat ten opsigte van die gebied Suidwes-Afrika*

3. (1) Enige eis wat ontstaan uit 'n kontrak wat wettiglik deur of namens die Administrateur-generaal aangegaan is, of uit 'n onregmatige daad wat deur 'n dienaar in die regeringsdiens in artikel 2 van die Regeringsdienswet, 1980 (Wet No. 2 van 1980), vermeld, handelende in sy hoedanigheid van, en binne die omvang van sy bevoegdhede as, so 'n dienaar, verrig is en wat, indien daardie eis teen 'n persoon ontstaan het, 'n grond van aksie in 'n bevoegde hof sou uitmaak, is deur daardie hof beregbaar.

(2)(a) In 'n aksie of ander regsgeding uit hoofde van die bepalings van subartikel (1) kan die Administrateur-generaal as nominale verweerder of respondent gesiteer word.

Wanneer die Administrateur-generaal in 'n aksie of ander regsgeding soos in paragraaf (a) beoog, gesiteer word, word hy by sy ampstitel en nie by name gesiteer.

(3) Geen lasbrief tot ten uitvoerlegging of beslaglegging of soortgelyke prosesstuk kan in so 'n aksie of regsgeding teen die nominale verweerder of respondent of teen die eiendom waarvan die eiendomsreg by die Goewerment van die gebied Suidwes-Afrika berus, uitgereik word nie, maar die bedrag (indien daar is) wat vereis word om te voldoen aan 'n uitspraak of bevel wat in so 'n aksie of regsgeding teen die nominale verweerder of respondent gedoen of uitgereik is, kan uit die Sentrale Inkomstefonds betaal word.

*Hangende regsgedinge*

4. In enige geregtelike verrigtinge wat voor die inwerkingtreding van hierdie Proklamasie deur of

South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R. 101 of 1985), before the commencement of this Proclamation and in which the Cabinet is a party, the Cabinet shall be deemed to have been replaced by the Administrator-General as a party to those proceedings, and the proceedings may, after such notice, if any, as the court may deem expedient in any particular case, be proceeded with and disposed of by or against the Administrator-General as if the executive authority had at all relevant times vested in the Administrator-General and the proceedings concerned had been instituted by or against the Administrator-General.

*Short title and commencement*

5. This Proclamation shall be called the Repeal of the Laws on the National Assembly, the Cabinet and the Constitutional Council Proclamation, 1989, and shall be deemed to have come into operation on 1 March 1989.

teen die Kabinet vermeld in artikel 23 van die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), ingestel is en waarin die Kabinet 'n party is, word die Kabinet geag deur die Administrateur-generaal as party by daardie verrigtinge vervang te gewees het, en die verrigtinge kan, na die kennisgewing, indien daar is, wat die hof in 'n bepaalde geval dienstig ag, deur of teen die Administrateur-generaal voortgesit en afgehandel word asof die uitvoerende gesag te alle tye by die Adminstrateur-generaal berus het en die betrokke verrigtinge deur of teen die Administrateur-generaal ingestel is.

*Kort titel en inwerkingtreding.*

5. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Herroeping van die Wette op die Nasionale Vergadering, die Kabinet en die Konstitusionele Raad, 1989, en word geag op 1 Maart 1989 in werking te getree het.

**ANNEXURE**

**LAWS REPEALED OR AMENDED**

(Section 1)

| Column 1 | Column 2 | Column 3 |
|---|---|---|
| No. and year of law | Title of law | Extent in which repealed or amended |
| Proclamation R. 101 of 1985 of the State President of the Republic of South Africa | South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 | The repeal of the whole |
| Act No. 8 of 1985 of the National Assembly | Constitutional Council Act, 1985 | The repeal of the whole |
| Act No. 19 of 1985 of the National Assembly | Constitutional Council Amendment Act, 1985 | The repeal of the whole |
| Proclamation 222 of 1985 of the State President of South Africa | South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Amendment Proclamation, 1985 | The repeal of the whole |

| | | |
|---|---|---|
| Proclamation 25 of 1986 of the State President of South Africa | South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Amendment Proclamation, 1986 | The repeal of the whole |
| Proclamation 157 of 1986 of the State President of South Africa | Second South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Amendment Proclamation, 1986 | The repeal of the whole |
| Act No. 7 of 1986 of the National Assembly | Constitutional Council Amendment Act, 1986 | The repeal of the whole |
| Proclamation R.73 of 1988 of the State President of the Republic of South Africa | South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Amendment Proclamation, 1988 | The repeal of the whole |

**AANHANGSEL**

**WETTE HERROEP OF GEWYSIG**

(Artikel 1)

| Kolom 1 | Kolom 2 | Kolom 3 |
|---|---|---|
| No. en jaar van wet | Titel van wet | Mate waarin herroep of gewysig |
| Proklamasie R.101 van 1985 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika | Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 | Die herroeping van die geheel |
| Wet No. 8 van 1985 van die Nasionale Vergadering | Wet op die Konstitusionele Raad, 1985 | Die herroeping van die geheel |
| Wet No. 19 van 1985 van die Nasionale Vergadering | Wysigingswet op die Konstitusionele Raad, 1985 | Die herroeping van die geheel |
| Proklamasie 222 van 1985 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika | Wysigingsproklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 | Die herroeping van die geheel |

| | | |
|---|---|---|
| Proklamasie 25 van 1986 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika | Wysigingsproklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1986 | Die herroeping van die geheel |
| Proklamasie 157 van 1986 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika | Tweede Wysigingsproklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1986 | Die herroeping van die geheel |
| Wet No. 7 van 1986 van die Nasionale Vergadering | Wysigingswet op die Konstitusionele Raad, 1986 | Die herroeping van die geheel |
| Proklamasie R.73 van 1988 van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika | Wysigingsproklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1988 | Die herroeping van die geheel |

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika